Pretoria- 17 November 2013

Skriflesing: Galasiërs 4:1-6; Efesiërs 1:1-14
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 8 en 9**
Teks**: Efesiërs 1:3,13b; Galasiërs 4:6**
Sing- Ps. 89:11; Ps. 2:4; Ps. 33:11; Ps. 134:4

Galasiers 4:1-6

Gal 4:1 Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles;
Gal 4:2 maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.
Gal 4:3 So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld.
Gal 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Gal 4:5 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.
Gal 4:6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

Efesiers 1:1-14

Eph 1:1 Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus:
Eph 1:2 Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus!
Eph 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,
Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
Eph 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
Eph 1:6 tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
Eph 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,
Eph 1:8 wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,
Eph 1:9 deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,
Eph 1:10 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—
Eph 1:11 in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,
Eph 1:12 sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het,
Eph 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,
Eph 1:14 wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.

Artikel 8 en 9 Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 8: God is een in wese en onderskeie in drie Persone
Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie.

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

1 Kor. 1:24; Joh. 1:14; 1 Joh. 1:1; Op. 19:13; Spr. 8:22; Kol. 1:15; Matt. 28:19; 3:16-17; Joh. 1:14; Mig. 5:1.

Artikel 9: Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-Eenheid
Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie-eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament, en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27: *'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape';* Genesis 3:22: *'Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons'.* Wanneer God sê: Laat *Ons* mense maak na *ons* beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Weliswaar sê Hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: *'Dit is my geliefde Seun'* (Matt. 3:17). Die Seun is in die water gesien, en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar. Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: *'Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees'* (Matt. 28:19). In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: *'Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word'* (Luk. 1:35); eweneens: *'Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal'* (2 Kor. 13: 13), en: *'Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig'* (1 Joh. 5:7-8).

Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie Persone in een, enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.

Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.

Hierdie leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en ketters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en dergelike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.

Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius, en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.

Gen. 5:1. Matt. 3:16; 28:19; Luk. 1:35; Hand. 2:32; 2 Kor. 13:13; 1 Joh. 5:7; Hand. 2:32-33; 1 Pet. 1:2; 1]oh. 4:13-14; Gal. 4:6; Ef. 3:14, 16; Tit. 3:4-6; Jud. :20-21; Rom. (6) 8:9; Hand. 10:38; 8:29, 37; Joh. 14:16; 15:26; 1:33; Sp. 25:27.

<u>Skriflesing:</u> Galasiërs 4:1-6; Efesiërs 1:1-14
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 8 en 9**
Teks**: Efesiërs 1:3,13b; Galasiërs 4:6**
Sing- Ps. 89:11; Ps. 2:4; Ps. 33:11; Ps. 134:4

Ons het in die eerste sewe artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis in besonder gehandel oor hoe die goeie God, die God wat 'n oorvloedigste fontein is van alles wat goed is, hoe Hy Homself bekendmaak. Hoe openbaar God Homself. Daarin het ons in besonder aandag gegee aan die Woord van God. Hoe die Woord van God tot stand gekom het, deur die inspirasie het dit ook gegaan oor hoe God se Woord geskryf kon word. Hiermee saam dit wat waarlik onderskei moet word as kanonieke boeke en nie apokriewe boeke nie, m.a.w. dit gaan heeltyd vir ons om die waarde van God se Woord, die gesag van God se Woord, die duidelikheid van die Woord, met art 7 wat as baie belangrike deel van ons belydenis die volkomenheid van God se Woord onderskryf.

Ons moet werklik oortuig wees dat wat in die Bybel staan is nie maar mensewerk nie, al is mense van baie geslagte en baie agtergronde so direk daarby betrokke bly die hele Woord van God die één God wat sy Woord vir ons gegee het. Daar is nie verskillende gode nie, God is alleen die ware God.

***

Wanneer art. 8 na ons kom dan gaan dit nie soseer net om die Woord van God, die feit dat God sy openbaring gegee het nie, maar ons moet dit wat God oor Homself bekendmaak heel eerste na kyk. God maak Hom bekend as 'n Drie-Enige God, art 8... art 9 laat direk die Bybel die bewyse van die Drie-Eenheid lewer. In art 10 gaan dit oor God se Seun, meer belangrik nog die feit dat Jesus Christus waarlik God is. In art 11 word die Godheid van die Heilige Gees na vore gebring.

Nou moet ons versigtig wees want met ons belydenis kom ons baie gou in aanraking met wat die verstand te bowe gaan. Dit is baie belangrik om te erken dat ons sekere dinge ook kan bely wat nie altyd verstaanbaar en logies uitmekaargehaal kan word nie. Teologie is nie só 'n wetenskap wat met eksperimente en allerhande bewysvoerings sekere resultate bereik, dit publiseer wat dan nog wéér verder nagevors kan word nie. Nee, dadelik erken ons dat ons in wat die geloof en die belydenis aangaande die Drie-Eenheid aangaan nederig en versigtig te werk moet gaan. Tog moet dit wat uit God se Woord duidelik gemaak kan word as 'n

duidelike belydenis nagevolg word. Ons moet net die Woord van God navolg dan is dit asof die belydenis van die Drie-Eenheid doodeenvoudig daaruit voortvloei.

God wat Homself in Christus deur die besondere openbaring van die Heilige Gees openbaar het, is persoonlik by ons betrokke. Hy maak persoonlike bemoeienis met ons. Dit staan baie duidelik al met Adam en Eva sonder enige twyfel dat God die mens geskape het, God wil geken wees, God roep na Adam met die vraag – WAAR IS JY?- na die éérste moord is dit God wat vir Kain vra- WAAR IS JOU BROER? As mense 'n stad wil bou waarmee hulle gedink het dat die mens met God kan kompeteer, dan word die eintlike vraag- WAAR IS JOU GOD? Dit wat die grootste slenter nog ooit vir die mensdom was, dit waarmee Satan aanmekaar die mens verlei is dat die mens uit homself/ uit haarself hulle eie god kan wees. Alle dwalinge kan terugherlei word ná waar die mens poog om sy eie god te wees. Die mens wat in baie opsigte die slang glo, dat JULLE SOOS GOD SAL KAN WEES.

***

Ons belydenis uit die Nederlandse Geloofsbelydenis wat met God begin en wat stadig maar seker sal oorskuif na wat is die mens, die geskape mens, die gevalle mens, die sondige mens, die mens kan nie soos God wees nie. Al staan die uitdrukking Drie-Eenheid en dat God Drie-enig is, nêrens in die Bybel nie is dit wel 'n manier om dit wat God se Woord ons oor die wese en die Persoon van God openbaar tot uitdrukking te bring. Ons het met God te doen wat 'n enige wese is, daar is niemand soos Hy nie, ons het te doen met God wat die enigste is, Hy alleen is God en tog is hierdie een God onderskei in drie Persone. Van ewigheid af is Hy dieselfde God wat 'n Drie-enige God is Vader, Seun en Heilige Gees. Die drie Persone word onderskei volgens die onmededeelbare eienskappe. Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees, die ewige Krag en Moondheid, wat uitgaan van die Vader en die Seun.

As Guido de Bres dit so stel dat elke Persoon van die goddelike Drie-eenheid is wat Hy is op grond van wat net Hy is, dan doen Hy dit eintlik as deel van die stryd wat daar nog altyd was om te verstaan Wie God is, Wie Hy van ewigheid af is, Hy wat sonder begin en sonder einde alleen God is. Daar was sulke verskriklike beskuldiginge en lasteringe waarteen De Bres te staan gekom het. Servet het gesê dat die belydenis van Atahanasius waarin die belydenis oor die Drie-eenheid baie duidelik verdedig en op die voorgrond staan is nie die "symbolum athanasium" nie maar het Servet gesê dit is die "symbolum satanasium", m.a.w. wat Servet sê ons belydenis oor die Drie-eenheid as 'n sataniese belydenis. Vandag nog sal die Jehowa

getuies ons daarmee wil konfronteer dat ons het ’n verderflike belydenis van God Drie-enig.

***

In meer subtiele vorm sal ons ook versigtig moet wees om die werk van die een Persoon nie ten koste van wat die ande Persone doen te beklemtoon nie. Ons kry by die wederdopers en die charismata die neiging om die werk van die Heilige Gees so te beklemtoon ten koste van die Seun en die Vader. By die metodiste is dit weer ’n oorbeklemtoning van die Seun ten koste van die Vader en die Heilige Gees. En dan spesifiek kry ons ook ’n liberalistiese neiging dat die Vader uitgesonder word ten koste van die Seun en die Heilige Gees.

Mistieke en panteïstiese neigings was daar ook nog altyd. Die mistiek wat die Heilige Gees van die Woord losmaak en net aan die mens wil bind. Dit begin al by ’n verkeerde verstaan van hoe God Drie-enig Hom in sy Woord verbind, spesifiek kan en mag die Gees nie van die Woord losgemaak word nie. Elke mens het volgens die mistieke ervaringe ’n goddelike vonk wat met die Gees ontspring... hoe gevaarlik tog. Die panteïste glo weer dat God in alles is. In die natuur word dit gesien dat God in die berge en in die voëls en in die klippe is. God die Vader wat moeder aarde indring en so in alle aardse dinge is, is ’n panteïstiese dwaling. Vanaf die vroegste eeue was daar diegene wat dwaalleer oor die Drie-eenheid verkondig het. Die Jodendom en Islam glo in één God wat een persoon is. Die heidendom glo in ’n veelgodedom. Dan is daar diegene wat verskillende godsdienste meng. Hulle neem verskillende elemente uit verskillende godsdienste en bou een nuwe godsdiens (sinkretisme) soos die hedendaagse New Agers.

***

Die Bybel, die Woord van God staan bó al hierdie wanopvattinge verhewe. As ons egter mooi hierna kyk, ons het van die gedeeltes saamgelees dan staan dit heel duidelik nie om slim te wees of om allerhande bewyse te lewer nie, maar daar word in kinderlike ootmoed net ná God geluister. Die getuienisse van die Heilige Skrif is waarlik oorvloedig. Al het ons met ’n geheimenis te doen, wat nie beteken dit gaan teen die verstand in nie, maar tog gaan dit die verstand te bowe. Al wat ons belydenis bedoel is om eenvoudige duidelike openbaring van wat die Bybel ons leer deur te gee.

Uit die Ou Testament staan heel vroeg Gen. 1:26-27: ***26*** *En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.* ***27*** *En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en*

vrou het Hy hulle geskape. Dan sluit Gen. 3:22 direk hierby aan as daar staan – *nou het die mens geword soos een van Ons...* Die een Persoon in die Godheid, die Vader is verwysend na wat die meervoud is, Hy doen goddelike samespraak deur met die ander Persone te praat, Hy sê ONS... Maar tog bly Hy een wese want as Hy na buite werk, Hy skep, dan skep Hy weer na die eenheid, want nêrens lees ons "hulle het geskape nie", née Hy bly een wese want staan dit – God het geskape. Tog is die tweede Persoon, Jesus Christus en die derde Persoon van die Drie-eenheid die Heilige Gees baie duidelik al in die Ou Testament. Jesus wat dikwels as die Engel van die Here geopenbaar word, ook die Engel van die verbond genoem, dit het Stefanus in Hand 7:30-32 baie duidelik gemaak. In Jes. 32:15 word die Heilige Gees baie duidelik gesien as God as daar staan *totdat oor ons uitgegiet word, die Gees uit die hoogte...*

In die Nuwe Testament staan die Drie-eenheid so duidelik in Matt.28:19 waar die doop in die Naam van die Vader die Seun en die Heilige Gees bedien moet word. Dan het ons gelees hoe Paulus duidelik die Drie-eenheid as God Drie-enige bely. Dit gebeur keer op keer aan die begin van die briewe aan die einde van briewe dat God se seening ten volle vanuit die Drie-eenheid uitgespreek word.

***

Daarom geliefdes, waar ons die Drie-eenheid van God bely dan is ons eintlik met die majesteit en die grootheid van God besig. God het aan niks of niemand behoefte nie. In Sy alleenheid is Hy nie eensaam nie. Hy is in gesprek met Homself en is voltallig in Homself. Hy het niemand buite Homself nodig nie. En tog is die wonder: dat Hy in gemeenskap met mense wil leef. Hy het niks van ons nodig nie, maar ons het alles van Hom nodig en in Hom as Drie-enige, het ons alles wat ons nodig het. Ons totale verlossing is in Hom: In die Vader wat in gemeenskap met ons lewe deur die versoening van die Seun in die heiligmaking van die Gees. Volgens die Skrif is ons verhouding met die Vader, deur die Seun in die krag van die Heilige Gees.

***

Art 9 voeg hierby dat wat ons vandag hier bely nie maar dorre droë verstandkennis is nie, dit doen dinge wat ons in ons harte gryp. Dit staan bietjie snaaks geskryf as ons dit weer lees **Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel…** Beslis bedoel ons belydenis nie dat ons op grond van gevoelswaarde die Drie-eenheid bely nie, née nie ons gevoelens of ervaringe word as maatstaf neergelê nie, maar ons kan tog die verskillende ampte/take van onderskeidelik die Vader, Seun en Heilige Gees duidelik waarneem. In ons geloof in die Drie-enige God is daar

lewe. ‘n Mens neem dit in jou eie lewe waar. Dit maak die geloofslewe opwindend. Die Vader, Seun en Gees besit elk ‘n eie selfstandige amp/taak en dit neem ‘n gelowige in sy/haar lewe waar. Dit is ‘n werklikheid. Die Vader se liefde en skeppingskrag, die Seun se vergifnis deur Sy bloed en die Gees se direkte inwerking en inwoning in die hart, is waarneembaar. Ons word verryk want God gee ons in sy Drie-eenheid die ware rykdom van Homself.

***

En dan noem ons belydenis ook ’n lys van ketters wat die belydenis van God Drie-enig bevraagteken en aangeval het. Ons het reeds na Servet verwys. Daardie lys sal seker vandag nog baie langer gemaak kan word, want bely ons dat tereg is hulle deur die regsinnige vaders veroordeel. Dink aan die onlangse verskriklike lastering en dwaling van die ANC sekretaris-generaal (Gwene Mantashe) wat so vêr gegaan het om die alliansie van die ANC, Cosatu en die SAKP te vergelyk met wat God Drie-enig is. Hulle sal so min van mekaar geskei kan word soos die Persone van die goddelike Drie-eenheid geskei kan word...Daardie menslik, swakke patetiese losse verband van mense te wil vergelyk met die heiligste wat daar kan wees, God in sy Drie-eenheid en te wil voorgee hulle politieke band met mekaar is goddelik gebind is iets wat die ergste dwaalleraars nie eers gedoen het nie.

Ons het ’n lys van name... Om ander te veroordeel as hulle dwaal is wat gedoen moet word. Daarvoor moet ons nie terugdeins nie. Marcion het gesê die God van die Ou Testament is hard en wreed, hy haat die God van die Ou Testament, hy het ook sekere dele van die Nuwe Testament verwerp, Samosatenus het weer gesê dat die drie Persone eintlik maar net drie eienskappe van een Persoon was, volgens hom is Jesus nie God nie. Dit het Sabellius ook beweer dat die name Vader, Seun en Heilige Gees is maar drie name vir een Persoon, soos wat een persoon tegelyk, pa en dokter en belastingbetaler kan wees, so is een en dieselfde Goddelike Persoon dan in sy optrede Vader en Skepper, dan weer word Hy Seun en Verlosser en dan kan Hy weer wees Gees en Heiligmaker. Praxeas het die drie Persone van die Drie-eenheid as drie modaliteite voorgehou. Alles gaan maar om die Vader en die ander is openbaringswyses van die Vader...

Die ketter Mani uit Persië afkomstig het weer heeltemal ’n ander verkeerde rigting ingeslaan. Volgens hom is Christus ’n ligwese wat die goeie God met ’n skynliggaam na die aarde gestuur het om ons te bevry uit die mag van die kwade god. Die apostels kon hom egter nie begryp nie, maar sê Mani hy het dit begryp, so is hy die ware trooster. Die volgelinge van Mani het baie invloed gehad, in Asië, Afrika Europa, die sg manicheiste het selfs vir

Augustinus voor sy bekering 9 jaar lank in hulle geledere gehad. Arius die bekendste onder die lys van ketters het as ouderling in die 4de eeu direk teen die diaken Athanasius te staan gekom, want het die diaken Athanasius teen Arius bly stry dat Jesus Christus nie maar net ’n skepsel is nie, maar dat Hy waarlik God is en van ewigheid af bestaan. Arius het gesê daar is nie ’n Drie-eenheid nie en dat Jesus Christus geskape is, Hy is ’n skepsel van God. Die latere geloofsbelydenis van Athanasius beklemtoon die eenvoudige waarheid. Die Vader is God, die Seun is God, die Heilige Gees is God. So word Atahanasius later in die kerkgeskiedenis genoem die vader van die regsinnigheid. Ja, dit is waaroor dit gaan, dit wat reg is en dit wat die waarheid is. Dit is art 8 en art 9.

Die 12 Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea, die Geloofsbelydenis van Atahanasius word in die Nederlandse Geloofsbelydenis as deel van ’n kosbare belydenisskat saamgevoeg. As dit op grond van die Nederlandse Geloofsbelydenis al as so waardevol uitstaan dan het die waarde daarvan net moes groei. Die besluite van die ou vaders is nie van minder belang nie. Dit wat alles maar net weer terugbeweeg na wat God in sy Woord oor Homself openbaar. Dit is al waaroor dit gaan.

God die Vader, God die Seun, God die Heilige Gees, word wel onderskei maar is nie drie gode nie. Tog mag die drie wat onderskei kan word nooit van mekaar geskei word nie. Daar is een God en die een God wat Hom in sy Drie-eenheid openbaar is nie elk maar net ’n deel van God nie, maar in elk het ons met God te doen. In alles is Hy goed. Dit was al art 1 Nederlandse Geloofsbelydenis.

AMEN